# REëLS TEN OPSIGTE VAN DIE NASKOOLSENTRUM

## A. RAKENDE DIE LEERLINGE:

1. Meld direk na skool / sport aan en eet voordat jy gaan uittrek.
2. Kom sê as jy nie vir die dag in die Naskool gaan wees nie, anders soek ons jou.
3. Geen kind sal toegelaat word om :
   - 3.1 By ‘n maatjie te gaan speel
   - 3.2 Huis toe te stap
   - 3.3 Saam met iemand te ry INDIEN HY NIE ‘N TOESTEMMINGSBRIEFIE VAN SY OUERS HET NIE, of indien sy ouers SKAKEL om toestemming te gee nie.
4. Kinders mag slegs in afgebakende gebied speel onder toesig.
5. Geen plante of blomme mag gepluk word nie.
6. Geen papier op die terrein nie.
7. Duur speelgoed moet liewers tuis gelaat word – ons kan nie daarvoor verantwoordelikheid neem nie.
8. Rolskaatse word nie toegelaat nie.
9. Geen leerling mag in die kleedkamer speel nie (slegs 3 leerlinge op ‘n keer).
10. Geen leerling mag buite die skoolerf speel nie.

## B. RAKENDE DIE OUERS:

1. Leerlinge moet voor of op 17:30 op die laaste afgehaal word. Na 17:30 sal daar geen toesig wees nie. ‘n Fooi/boete van R10-00 is betaalbaar vir elke 15 minute na 17:30.
2. Leerlinge studeer (doen huiswerk) vanaf drie tot vieruur, Maandae tot Donderdae.
3. Indien ‘n leerling tussen drie en vieruur gehaal word, moet u hom of haar in sy studieklas gaan haal. Geen leerling mag by die hek wag voor half-vyf nie!
4. Op reëndae moet die leerlinge by die naskoolklas afgehaal word – niemand gaan buite in die reën wag nie.

Ons vra vriendelik dat u ook sal let op punt 3, 8 en 9 van reëls rakende die leerlinge!!